



PRINS ALBERT MUNISIPALITEIT

PRIVAATSAK X53
PRINS ALBERT
6930

DIREKTORAAT : FINANSIËLE DIENSTE

MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR INTERNSKAP PROGRAM (MFBIP)

KENNISGEWING NR 81/2016

Die Prins Albert Munisipaliteit is verbind tot billike, doeltreffende en volhoubare dienste vir die totale gemeenskap.

Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm, word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as:

Munisipale Finansiële Bestuur Internskap Program (MFBIP)

(2 poste) - (Twee jaar Kontak)

Vereistes: Kandidate moet minstens beskik oor 'n driejaar Baccalareus-graad of Nasionale Diploma met hoofvakke wat insluit Rekeningkunde, Ekonomie, of Finansies, insluitend Risikobestuur en/of Ouditkunde. Kandidate moet tussen 21 en 35 jaar oud wees.

Die bekleër moet 'n dienskontrak sowel as 'n internskap-ooreenkoms onderteken. Die doel van die ooreenkoms is om 'n verbintenis tot die program te verseker insluitend volle deelname aan opvoedkundige-, sowel as werkplek opdragte en die nakoming van beleide en prosedures insluit.

Internskap oorsig: Die MFBIP is 'n gestruktureerde professionele opleiding en werksondervinding program, met die doel om hoë kwaliteit opleiding en praktiese blootstelling in sleutelgebiede van die Finansiële Departement te verskaf en te verseker dat die nodige vaardighede aangeleer word.

Vergoeding: R 96 000 per jaar (alles insluitend)

Rig 'n volledige curriculum vitae, vergesel van 'n dekbrief en gewaarmerkte afskrifte van toepaslike kwalifikasies, aan me. Debby Mooneys, Menslike Hulpbronne Afdeling, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930.

Die Munisipaliteit Prins Albert is 'n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue applikante aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

Sluitingsdatum: VRYDAG, 25 November 2016

Aanvangsdatum van kontrakaanstelling: So gou as moontlik.

Let Wel: Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie. Kandidate moet bereid wees om aan evalueringstoetse onderwerp te word. Gunswerwing sal tot diskwalifikasie lei. Die Raad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

Indien kandidate nie binne twee maande na die sluitingsdatum gekontak word nie, kan aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was.

PRINS ALBERT MUNISIPALITEIT
PRIVAATSAK X53
PRINS ALBERT
6930

TELEFOON NO: 023 – 5411036
FAKS NO: 023 – 5411321
Email adres: debbiem@pamun.gov.za


HFW METTLER
MUNISIPALE BESTUURDER

14 November 2016